

Alumni-hubs: Skakel in!

Jou gradedag is 'n belangrike geleentheid en simboliseer die begin van jou voortgesette verhouding met jou alma mater.

As oudstudent van die Universiteit Stellenbosch (US), is jy ons mees gewaardeerde vennoot en ambassadeur. Jy is deel van 'n wêreldwye gemeenskap van meer as 120 000 graduandi. Deur betrokke te wees, verseker jy dat jy ingelig bly van ontwikkelings by die US, heelwat geleenthede kry om met ander alumni in aanraking te bly en dat jou graad en alma mater relevant bly.

Die vestiging van 'n alumni-hub in jou omgewing is 'n uitstekende manier om jou bande met ander alumni uit te brei.

As hub-koördineerder of -komiteelid, sal jy hoofsaaklik verantwoordelik wees om:

- As **primêre kommunikeerder** tussen die plaaslike alumni en die Alumni-verhoudingspan op te tree;
- met die **werwing** van nog vrywilligers te help;
- 'n **jaarlikse gesamentlike skenking** aan die US te maak;
- **uit te reik** na plaaslike alumni en hulle te vra om aan alumnigeleenthede sowel as die jaarlikse skenkingsprogram deel te neem; en
- alumnigeleenthede te **koördineer**.

Die Alumni-verhoudingspan kan jou ondersteun deur:

- Alumni in streke en lande te identifiseer en jou met hulle in kontak te bring.
- 'n Plaaslike LinkedIn-groep te begin.
- Alumni in die omgewing in kennis te stel dat 'n plaaslike alumni-hub geskep is, en hulle:
 - van die koördineerder se kontakbesonderhede voorsien; en
 - te nooi om by die plaaslike LinkedIn-groep aan te sluit.
- Met die koördineering van plaaslike geleenthede te help deur:
 - Uitnodigings aan alumni in die streek te stuur;
 - Antwoorde op uitnodigings te bestuur (waar van toepassing); en
 - Skenkingsvorme beskikbaar te stel (waar van toepassing).

As jy daarin belang stel om 'n alumni-hub op die been te bring, skakel asseblief met:


Ontwikkeling & Alumni-verhoudinge, Privaatsak XI, Matieland 7602,
(e) alumni@sun.ac.za, (t)+27 21 808 9266, (f)+27 21 808 8405,
www.sun.ac.za/alumni

Ons het alumni-hubs in:

Suid-Afrika: Durban • VSA: New York, Washington DC, San Francisco
• China: Beijing • Hong Kong • Frankryk: Parys • Namibië



ALUMNI
UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



www.facebook.com/stellenboschalumni



@SU_Alumni



Stellenbosch University Alumni (Maties) and Friends